# Laerskool KENRIDGE Primary School

Van Riebeecklaan / Van Riebeeck Avenue, KENRIDGE, 7550 | Tel: 021 976 3046/7 | Fax/Faks: 021 975 1312
www.kenridgeprimary.co.za

**Every child** ***Every chance*** **Every day** | ***Elke kind*** **Elke kans** ***Elke dag*** | **Wonke umntwana** ***Lonke ixesha*** **Yonke imihla**

Geagte Ouers

**INSKRYWING 2022: GRAAD 1 - 7**

1. Alle openbare skole is versoek om die toelatings-tydraamwerk van die WKOD na te kom.
Aanlyn skooltoelatings open op **Vrydag, 26 Februarie 2021** en sluit op **Vrydag, 26 Maart 2021**.
Ouers moet die volgende webadres, https://admissions.westerncape.gov.za, gebruik om **aanlyn** aansoek te doen en ook 'n **harde kopie** binne 14 dae by die inskrywingsbeampte by die skool in dien.

2. Dit is vir ons 'n voorreg om die Aansoekpakket, vir toelating tot ons skool, aan u beskikbaar te stel. Selekteer die Inskrywingspakket, druk al die betrokke dokumente (Toelatingsvorm, Debietordervorm, Finansiële onderneming en Visuele Siftingsvorm). Voltooi, teken en heg al die nodige dokumente aan, en bring dit na die inskrywingskantoor by die Laerskool. Toelating sal slegs oorweeg word, sodra alle betrokke dokumente voltooi, geteken en ontvang is.

3. Die voltooide Aansoekpakket moet die inskrywingskantoor vanaf 26 Februarie 2021, maar nie later as 26 Maart 2021, bereik nie. Indien u kind deur ons skool aanvaar word, sal u voor / op 28 Mei 2021 skriftelik daarvan verwittig word. Alle aansoeke wat na 26 Maart 2021 ontvang word, sal op 'n waglys geplaas word. Slegs beskikbare plekke sal daarna gevul word.

4. As gevolg van die omvang van die skool se voedergemeenskap en uitbreidings binne hierdie area, kan die skool SLEGS leerders akkommodeer wat permanent binne hierdie voedergemeenskap woonagtig is. Sou u buite die skool se voedergemeenskap woon, sal u aansoek op 'n waglys geplaas word. Toelating is dan onderhewig aan 'n plek in die onderskeie klasse. Hierdie gebiede is **Kenridge, Durbell, Durbanville Heuwels, De Bron, Doordekraal, Welgemoed-Noord, Proteavallei, Kanonberg, Welgedacht, Van Riebeeckshof en Oude Westhof**.

5. **<u>Finansiële verpligting</u>**:

5.1 **<u>Skoolfooie (Skoolrekening)</u>:** Laerskool Kenridge is 'n fooi-betalende skool, met skoolgelde wat elke jaar deur die Skoolbeheerliggaam bepaal word. Tans (2021) beloop hierdie bedrag R 23 470,00 per kind per jaar en is betaalbaar aan die begin van elke jaar. 'n Vergunning deur die Skoolbeheerliggaam, maak voorsiening dat hierdie fooie oor 'n tydperk van tien maande deur middel van 'n debietorder gemaak kan word (1 Februarie - 1 November). Betaling van skoolfooie is verder onderhewig aan die Skoolfooi Insamelingsbeleid. Die skoolfooie vir 2022 sal op 'n Begrotingsvergadering, wat later vanjaar sal plaasvind, bepaal word.

5.2 **<u>Keuse- en Kostevorm (Trustrekening)</u>:** Hierdie Keuse- en Kostevorm sal op Oriëntasiedag, aan ouers verskaf word. Die heffings vir die Keuse- en Kostevorm sal aan die einde van elke jaar hersien word. Ouers word verplig om alle heffings vooruit te betaal deur middel van die skool se debietorderstelsel. Indien die heffings verander, sal u debietorder dienooreenkomstig aangepas word. Ouers sal skriftelik in kennis gestel word van enige aanpassings.

6. Indien u aansoek suksesvol is, sal u kind uitgenooi word om 'n Oriëntasiedag by ons skool by te woon.
Verdere inligting aangaande Oriëntasiedag en die voorbereiding vir die nuwe jaar, sal deel uitmaak van u aanvaardingsbrief.
Rig asseblief alle inskrywingsnavrae aan die laerskool by (021) 976-3046 of aan Hanri Heystek (Inskrywingsbeampte) - **hanri.heystek@kenridge.org.za.**

Ons vertrou dat u kind se leerervaring by Kenridge gelukkig en opvoedkundig stimulerend sal wees. Indien u enige sake aangaande u kind met ons wil bespreek, sal ons u met graagte ontvang.

Die uwe

Skoolhoof
Laerskool Kenridge